Hoofstuk 89 Die Dagbreek / Surah Al-Fajr

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Deur die sweer van vyf ede reg aan die begin wil die hoofstuk beklemtoon dat Allah alles sien en dat beloning of straf onafwendbaar is

1. Ek, Allah, sweer by die dagbreek wat die groot verskil tussen nag en dag teweegbring, getuienis van My almag,

2. en by die Tien Nagte, die eerste tien nagte van Dhul Hijjah waartydens die aanbidding van Allah die verdienstelikste is,

3. en by die gelyke en die ongelyke, of dit nou getalle is of datums, dit is die hele skepping vol,

4. en by die nag wanneer dit wegbeweeg,

5. nou vra Ek: is tussen al hierdie ede wat Ek sweer nie eers een wat genoegsame bewys is vir iemand met begrip en insig en wat kan verhoed dat so 'n persoon iets doen of sê wat onvanpas en onbetaamlik is nie?

6. Het jy nie gesien wat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer gedoen het met die mense van 'Ad

7. wat deel was van die vroegste stam van hul grootoupa Iram, wat lang- en baie sterk mense was, (K53:50)

8. en waarvan die gelyke nooit in enige land bestaan het nie,

9. en wat Hy gedoen het met die mense van Thamud wat die rotse in die vallei van Qura uitgekerf het nie,

10. en wat Hy gedoen het met Farao van die houtpenne, wat houtpenne gebruik het om mense mee te martel: hy sou 'n houtpaal inkap en iemand daaraan vasmaak om gemartel te word of iemand met houtpenne, soos spykers, deur hul hande en voete in die grond vaskap en net so in die son laat lê,

11. almal van die wat in die stede gerebelleer het,

12. en baie kwaad en onheil daarin versprei het, nie.

13. Die gevolg was dat jou Skepper, Onderhouer en Voorsiener hulle op verskeidenheid van manier gestraf het, soos die pynigende slae van 'n sweep op verskeie dele van die liggaam val.

14. Waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is altyd op die uitkyk en hou voortdurend die wag, so niemand moet dink dat hulle van die goddelike straf kan ontsnap nie.

15. 'n Ongelowige, of dit nou 'n nie-Moslem of 'n Moslem is, sal, wanneer sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer hom toets en aan hom eer en oorvloed gee, sê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer het my vereer” so asof welvaart nou 'n aanduiding is van aanvaarding by Allah.

16. Maar waneer Hy hom toets met 'n tekort aan lewensmiddele, dan sê daardie selfde mens: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer het my in die skande gebring” so asof armoede nou 'n teken is van verwerping by Allah.

17. Nee nooit: dit werk glad nie so nie, welvaart is nie 'n teken van aanvaarding deur Allah nie en net so is armoede nie 'n teken van verwerping deur Allah nie! Maar, laat Ek julle dan ook sommer dadelik waarsku teen 'n paar van julle sondige karaktertrekke om vir julle te wys dat welvaart nie noodwendig 'n eer is en armoede nie noodwendig 'n oneer is nie: die eerste een is dat julle nie die wese eer nie deurdat julle hulle, hul regte ontneem soos om finansieel en materieel deur julle versorg te word en soos mense behandel te word, met respek en agting sonder diskriminasie en minagting.

18. tweedens, alhoewel dit een van die verpligtinge van die vermoënde is om die armes en behoeftiges finansieel te versorg, moedig julle mekaar nie aan om dit te doen nie, want al is jy dalk self nie in die vermoë arm om dit te doen nie, kan jy ander wat dit kan bekostig ten minste aanmoedig om dit te doen.

19. derdens kan julle nie wag vir iemand om dood te gaan nie sodat julle die erfporsie met een allesomvattende sluk kan verslind sonder inagneming van die aandele van die agterblywende wesies, weduwees of ander aandeelhouers in die boedel wat nie teenwoordig is met die verdeling daarvan nie,

20. vierdens, die behoefte aan- en liefde vir welvaart en rykdom in 'n nugtere, sobere en gematigde sin is 'n natuurlike instink by die mens, maar julle het welvaart en rykdom lief met 'n buitensporige, onversadigbare liefde.

21. Nee! Die dag wanneer die aarde vergruis gaan word deur herhaaldelike aardbewings en in stukkies verander gaan word,

22. en jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer gaan kom, met rye en rye engele,

23. en die Hel na vore gebring gaan word: op daardie dag sal die mens die waarheid besef, maar dit sal te laat wees want waarvandaan sal die mens dan hulp kry wanneer die besef van die foute wat daardie mense gemaak het deur nie te glo en goeie dade tot hul eie voordeel in hierdie wêreld te doen nie, tot daardie mense sal deurdring?

24. Dan, op daardie dag wanneer dit te laat is en die mens die pyniging van die sy ongeloof in die gesig staar, sal die mens sê: As ek tog maar goeie dade gedoen het en myself van die sonde weerhou het tydens my aardse bestaan sodat dit op hierdie dag van afrekening en vergelding tot my voordeel kon tel en my kon help!

25. So, op daardie dag sal niemand kan straf soos wat Hy gaan straf nie,

26. en daar sal ook niemand wees wat die mens tot magteloosheid sal beperk deur boeie aan te sit soos wat Hy dit sal doen nie.

27. Vir die gehoorsame mens, die mens wat vrede het in sy hart as gevolg van sy gehoorsaamheid aan Allah, sal daar egter gesê word: “O tevrede, kalme, rustige en vergenoegde siel,”

28. kom nou terug na jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe waar jy in elk geval oorspronklik vandaan kom, jy wat soveel vrede en tevredenheid ervaar met jou gehoorsame lewe aan Allah en die dood wat jou na Allah toe neem sodat jy Allah uiteindelik kan ontmoet, ja jy wat Allah so tevrede gestel het met jou gehoorsaamheid aan Hom.

29. So kom en wees saam met My toegewyde, opregte en gehoorsame diensknegte, (K27:19 & K12:101)

30. en gaan in My Paradys in.

Wat 'n pragtige bevrydende gedagte: dat as ons gehoorsaam is aan Allah sal ons dood vir ons 'n heerlike vreugdevolle ervaring wees omdat ons die seker wete sal hê dat ons uiteindelik ons Allah gaan ontmoet en teruggaan na Hom toe wat tevrede met ons is en ons liefhet. Mag Allah ons almal hiermee aanmoedig om nog meer gehoorsaam te wees en te floreer in die vrede en tevrede wete dat wat ook al eerste kom, of dit ons dood is of die oordeelsdag, dat dit vir ons as gelowiges 'n wonderlike dag is om na uit te sien.

Soos Allah wil, Amen.